Sondag **14 April**

**Skrifgedeelte: Openbaring 15:1-8**

**Fokusgedeelte: Openbaring 15:2**

**Is jy bang vir God se toorn?**

Baie mense is bang vir die beelde in die boek Openbaring. Veral as dit gaan oor God se toorn. Maar Openbaring is juis geskryf om gelowiges te bemoedig.

As die toorn van God ontvlam, noem Johannes dit groot en wonderbaarlik. Dit is deel van God se grootheid! Dit is deel van sy heerlikheid. En wat doen die kerk tydens die toorn van God? Hulle gaan oor in aanbidding! Want God is regverdig en heilig. Hy gee self vir die kerk hulle siters waarmee hulle Hom loof. God self bemagtig die kerk om Hom te loof vir sy toorn.

Vir God se kinders is sy toorn nie iets om te vrees nie. Ons vrees God (ons het ontsag en respek vir Hom), en eer Hom. Maar die toorn van God tref sy vyande. Nie sy kerk nie. Ons skuld is reeds betaal aan die kruis. “Dit is volbring” (vgl. Joh. 19:30).

As jy ’n kind van God is, kan jy verseker wees van sy genade. Dit geld ook vir die kerk in die laaste dae. Lees ook Jesaja 60:1-3.

*Sing: Skrifberyming 18-6:1-5*

*Ds. WM (Willem) van der Waal (Linden)*